COMMUNITY NEWSPAPER
Gans Berg Nuus/News
PRICE R15.00
301th Edition
30 April 2026
Distr. Areas: Gansbaai, Kleinbaai, Franskraal, Uilenkraalsmond, Pearly Beach, Bredasdorp, Hermanus, Stanford

Vintage Rewind geopen | Kalfiefees 2026 | Nianelle se nuwe boek | Lewenslesse na jeug | Hanro Coetzer | Skielike afsterwe

# Well-known voice steps into new role



A milestone day in the professional life of Marzaan Middleton of the Overstrand Municipality, Gansbaai, arrived on 1 April 2026 when she was permanently appointed in the capacity of Public Liaison: Gansbaai/Stanford - Community Liaison Officer. Marzaan officially acted in the position from 11 August 2025 to 20 February 2026, after which she went on a well-deserved holiday. Readers will remember the position title Area Manager: Gansbaai/Stanford, which was held for some 25 years by Kat Myburgh. Marzaan, who served as Kat's Secretary and right-hand for about 20 years, now occupies Kat's former position - truly a remarkable achievement.

Marzaan Middleton (née Van Rensburg) was born on 12 December 1970 in Parow, where she also grew up. She matriculated from Tygerberg High School in 1988. After school, she obtained her Diploma in Computer Secretarial Studies from Tygerberg Technikon in 1990. On 1 July 2002, approximately 24 years ago, she married Wayne Middleton, an electrician at Gansbaai Marine. The couple has two sons, Marné (23), employed at Lomond Wine Estate, and Gavin (22), employed at Burmeister Electrical. In 2003, about 23 years ago, the family moved to Franskraal. Both are, in fact, "old Gansbaai locals" from childhood. In both cases, they spent holidays here from a young age - Marzaan in Franskraal, where her grandfather and father had holiday homes, and Wayne in Uilenkraalsmond, where he holidayed with his parents.

Marzaan previously did relief work at the municipality, but began her permanent municipal career on 1 January 2005 with her appointment in the building department. Since 1 February 2007, she served as Kat Myburgh's secretary, where she worked until Kat's retirement. "Good day! Mr Myburgh's office, Marzaan Middleton speaking!" - who in Gansbaai has not heard this familiar greeting delivered in a friendly voice? During her tenure, Marzaan completed various courses, obtained certificates and a diploma, and acted in senior positions. Two awards deserve mention: the Mayoral Award as Officer of the Year in 2017 and her Long Service Certificate in 2025 for 20 years of dedicated service..

"Everything still feels too unreal for me to say how I feel," Marzaan said during the interview. "I realise the responsibility that awaits me, but I look forward to it and will give my best in every respect." The editorial team of the Gans-Berg News wishes Marzaan every success with her promotion and the significant responsibility that comes with it.

**Hardus Botha**



The Gans-Berg Nuus / News is committed to bringing you news that is relevant and truthful. We undertake to adhere to the press Code of Ethics and Conduct of the of the South African Print and Online Media. All printing material received is the responsibility of the contributor who is required to check and approve artwork and material.

Die Gan-Berg Nuus / News is daartoe verbind om nuus wat relevant en waar is, aan u te bring. Ons onderneem om ons te hou by die Perskode vir etiek en gedrag van die Suid-Afrikaanse Druk en Aanlynmedia. Die drukwerk wat ontvang word, is die verantwoordelikheid van die bydraer wat die kunswerk en materiaal moet nagaan en goedkeur.

All rights reserved. No part of Gans-Berg Nuus / News may be reproduced or used in any manner without written permission from the owner.

Alle regte voorbehou. Geen deel van Gans-Berg Nuus / News mag op enige manier gereproduseer of gebruik word sonder skriftelike toestemming van die eienaar nie.

Press Council FAIR

*Gans-Berg News subscribes to the Code of Ethics and Conduct for South African Print and Online Media that prescribes news that is truthful, accurate, fair and balances. If we don't live up to the Code, within 20 days of the date of publication of the material, please contact the Public Advocate at 011 484 3612, fax: 011 4843619. You can also contact our Case Officer on khanyim@ombudsman.org.za or lodge a complaint on our website: www.presscouncil.org.za*




# Vintage Rewind: 'n Naaldwerk-lushof amptelik geopen



*Michelle Loubser by haar 'vintage' trourok.*

"My goodness, kyk net hoe mooi en kunstig is dit," het een van die eerste kliënte van Michelle Loubser se Vintage Rewind-naaldwerkwinkel spontaan gesê. Vintage Rewind in Dirkie Uysstraat is amptelik op Vrydag, 24 April 2026 geopen - en wat 'n naaldwerk-lushof is dit nie! Openingspryse wat almal verras het, en wat steeds vir 'n tyd lank aangebied sal word, is nog 'n rede om in te loer. Michelle het baie jare se naaldwerkervaring en is reeds sowat 15 jaar 'n Gansbaaier.

Michelle het die deure geruime tyd gelede reeds oopgemaak, maar daar was nog heelwat "mooi-maak-dingetjies" wat afgehandel moes word voor die amptelike opening. Nou is alles gereed en die voorraad is op 'n uiters kunstige wyse uitgestal - dit kan met reg as 'n naaldwerk-lushof vir enige dame beskryf word. 'n Groot verskeidenheid naaldwerkbehoeftes (haberdashery - 'n pragtige woord!) is in voorraad. *Handcrafted - Restored - Reimagined*: klassieke materiale, retro-materiale, ander materiale, 'n wye verskeidenheid gare, knope, ritssluiters, naaldwerkmasjiennaalde en -voete, asook tolletjies - te veel om op te noem. Kom loer gerus in!



Daar is ook interessante toeka-jare-besienswaardighede wat ook te koop is. Onder andere twee ou Singer-naaldwerkmasjiene, waarvan een nog foutloos werk - kliënte kan dié model self toets om te ervaar hoe daar jare gelede gewerk is. Voorts is daar 'n verskeidenheid antieke items wat besigtig kan word, passend by die winkel se naam: Vintage Rewind. Enkele voorbeelde sluit in 'n antieke trourok, outydse knope, ouma-se-breekware en allerlei nostalgiese items.

Vintage Rewind, geleë in Dirkie Uysstraat 6, oorkant Mustang Sally, se besigheidsure is Maandae tot Vrydae vanaf 09:00 tot 16:00 en Saterdae vanaf 09:00 tot 13:00. Die winkel sal ook op sekere openbare vakansiedae oop wees.





Vir navrae kan Michelle Loubser geskakel word by 076 125 4114, of stuur 'n e-pos na info@vintagerewind.co.za. Besoek ook gerus die webtuiste by www.vintagerewind.co.za

**Hardus Botha**









Eileen's Take Away's
Burgers, Ribs, Schnitzel, Eisbein, Sushi
Sunday Lunches on order
Call / Whatsapp to order: 074 709 3395
Corner of Voortrekker & Churchstreet

Prag
LOCKSMITH
LEATHER REPAIRS
CAR KEY'S CUT & PROGRAMMED
9A LONG STREET, HERMANUS
083 660 9115

Te Huur
Semi-Gemeubileerde enkelkamer
R5000 per maand
Water ingesluit
Gebruik van elektrisiteit en eie meubels onderhandelbaar
Andries
082 731 7152

# Afrikanos – Where Good Food, Family Fun and Gansbaai Adventure Meet

Tucked away in the heart of Gansbaai, a town famous for its rugged coastline, whale watching and marine adventures, Afrikanos has become much more than just a place to eat. It is a local destination where families gather, friends meet, and visitors get to enjoy a true taste of the Overberg lifestyle.

Known worldwide as one of South Africa's great ocean adventure towns, Gansbaai has long attracted visitors for shark cage diving, whale watching and its dramatic coastal scenery. The area is also close to Walker Bay, one of the best places to spot Southern Right whales during season.

Right in the middle of this vibrant coastal town, Afrikanos offers something unique — a combination of hearty food, laid-back hospitality and memorable family experiences.

The restaurant has built a reputation for generous portions, flavour-packed meals and a welcoming atmosphere where everyone feels at home. From perfectly grilled steaks, gourmet burgers to comforting Sunday lunches and crowd favourites, the menu is designed to satisfy both locals and travellers looking for a quality meal after a day of exploring.

One of the standout favourites is the delicious **Bomb Squad Beer**, adding an extra touch of character to the Afrikanos experience. Cold, refreshing and full of personality, it pairs perfectly with a relaxed afternoon meal while soaking up the coastal atmosphere.

Families especially love what makes Afrikanos different from many traditional restaurants — there is plenty for the children too. A dedicated **kids play area** gives younger guests space to run, climb and enjoy themselves while parents unwind and enjoy a slower pace.

Then there is the real conversation starter: the **crocodile's**. Visitors can take a walk down to view these


AFRIKANOS
THE AFRICAN CROCODILE EXPERIENCE
DANGER POINT | GANSBAAI | SOUTH AFRICA

fascinating reptiles up close, turning an ordinary lunch outing into something memorable and exciting. It is the kind of experience that keeps children entertained and gives visitors another reason to stay a little longer.

What makes Afrikanos special is that it captures the spirit of Gansbaai itself — adventurous, welcoming, family-friendly and proudly local. Whether you are a resident looking for your next family meal, or a traveller exploring one of the Cape's most interesting coastal towns, Afrikanos offers more than a meal. It offers an experience.

Great food, cold drinks, space for the kids, crocodiles to discover, and the unmistakable charm of Gansbaai — all in one place.

TE HUUR
2 Aparte Woonstelle te huur op plaas grond
- Franskraal Area - 5min uit Gansbaai
- Groot leef Areas
- R5000 en R6000pm
- Koop krag in elke woonstel
- Groot woonstel beskikbaar vanaf einde April 2026
- Kleiner woonstel onmiddelik beskikbaar
Kontak Annetjie 082 395 5687





AJ BANDEDIENSTE
DUNLOP
• Tire Installation
• Wheel Balancing
• Flat Tire Repair
• Tire Pressure
CONTACT US
072 918 9197
0280540037
ajtyresoverstrand@gmail.com

Overberg Scaffold & Machine Hire
Rentals of all building equipment:
Concrete Mixers, Compactors, Drills, Generators, Breakers,
Various types of scaffolding
High pressure spray guns for cleaning of walls and roofs.
Industrial Circle, Industrial Area. Gansbaai
Tel/Fax: 028 384 0189
Fanie Bothma
Cell: 083 296 2676

# Sterbelaaide bekendstelling vir Kalfiefees 2026



Hester Finberg (Feesdirekteur), Liedjieboer Anton Goosen en Nicolette Johnson (voormalige Overstrandse burgemeester).

Die Gans-Berg Nuus was een van die genooides na die eksklusiewe programbekendstelling vir die komende Kalfiefees op Saterdag, 25 April 2026 - 'n gesellige en prestigeryke geleentheid, onder andere saam met Anton Goosen, Illimar Neitz, Luna Paige en verskeie ander kunstenaarsoptredes. Hester Finberg, Feesdirekteur, het die verwelkoming behartig, waarna die program vir die aand spontaan gevolg het.



Die DA se Burgemeesterskandidaat, Clinton Lerm en sy eggenote, Mary-Anne, was onder die eregaste.

Die Kalfiefees-gemeenskapsprojekte se genooide kunstenaars het hul uitstekend van hul taak gekwyt. Die Zwelihle Young Brothers en Straatstem het emosievolle vertonings gelewer. Dertien van Laerskool Gansbaai se koorlede, onder leiding van Asanti Smit en met klavierbegeleiding deur haar ma, Annatjie Smit, se optrede was besonders - hulle het nie 'n tree teruggestaan vir die bekende kunstenaars nie. Stiaan Fourie en Jan Dawid du Plessis beide van Gansbaai Laerskool, was bevoorreg om saam met Anton, Illimar en Luna te kon optree. Luna Paige was op haar stukke met haar luisterryke sang en klavierspel, en ook saam met Illimar en sy kitaar.

'n Video oor Anton Goosen - ons 'eie' Liedjieboer - vanaf sy jeugjare tot sy suksesvolle sangloopbaan, is onder groot toejuiging aan die gaste vertoon. Anton het op sy kenmerkende manier, met humor ingesluit, die gaste met van sy bekende liedjies vermaak - natuurlik saam met sy fenomenale kitaarspeler, Illimar Neitz. 'n Voormalige Overstrandse burgemeester, Nicolette Johnson, het 'n huldeblyk en die Kalfiefees-program amptelik aan Anton oorhandig. Ná die oorhandiging van die Kalfiefees-teël het die gaste na die banketsaal beweeg, waar hulle gesellig saam met die kunstenaars en ander hooggeplaastes verkeer, glasies geklink en verversings geniet het.

Die kleurvolle Kalfiefees-program wat uitgedeel is, is propvol interessante inligting en kleurfoto's - onder andere 'n volledige berig oor Anton Goosen se loopbaan, asook 'n terugblik op die 2025-Kalfiefees. Hou die Gans-Berg Nuus dop vir volledige inligting oor die program nader aan die tyd - daar is ook 'n paar programme by ons kantoor beskikbaar. Onthou die Kalfiefees-datums in Hermanus: 5-10 Augustus 2026 - maak seker dit word nie misgeloop nie! Loer gerus na die webtuiste: www.kalfiefees-hermanus.co.za.

**Hardus Botha**


Laerskool Gansbaai se koor.

ADVERT OF THE WEEK

Coastal TRUSSES
SA's only SABS mark holder for treated timber trusses
The Roofing Specialist!




18 Steenbras Street, Hermanus
028 313 0109
coastal@hermanus.co.za
www.coastaltrusses.co.za

# Multisensoriese reis - Nianell stel nuwe boek bekend

***'n Sprankelende Nianell.***



"*Every 'Birth' and every 'Death' is a soul courageously stepping into the unknown to discover and expand more into itself*." - Nianell. Hierdie bekroonde sanger, liedjieskrywer, skrywer en spirituele mentor, die sprankelende Nianell, en haar man, Kevin Lievaart - wat ook haar spirituele lewensmaat is - het hulself teen die einde van Januarie vanjaar permanent in Franskraal kom vestig - vanaf 'n bedrywige Johannesburg. Groter Gansbaai se inwoners en besoekers het nou die geleentheid om Nianell tydens 'n intieme oggendfunksie op Saterdag, 2 Mei 2026 by Blue Goose Restaurant te ontmoet. Gaste kan ook die bekendstelling van haar boek, *A Song That's Yet Unsung*, bywoon en na van haar liedjies uit die boek luister. 'n Ligte middagmaal is by die kaartjieprys ingesluit. 'n Skenking van R50 van elke boek wat verkoop word, word aan *Sunrise* vir liefdadigheid geskenk.

Nianell het tydens 'n onderhoud met die Gans-Berg Nuus vertel dat sy reeds direk ná skool by die musiekbedryf betrokke geraak het en musiekstudies gevolg het. "Jy vra na hoogtepunte in my lewe," het sy gesê. "My belangrikste hoogtepunt is elke keer wanneer my drieling van Amsterdam af vir my kom kuier - en dit gebeur weer vanjaar op 24 Junie 2026." Sy voeg by dat die drieling vanjaar matrikuleer en daarna verder gaan studeer. Tydens hul lang kuier beplan hulle ook om vir 'n tyd lank as vrywilligers by Marine Dynamics aan te sluit.

Nianell is in Omaruru, Namibië, gebore en word beskou as 'n kunstenaar wie se invloed ver verby die verhoog strek. Ondanks miljoene mense wêreldwyd wat deur haar werk geraak is, het haar dieper verlange haar gelei om dissiplines soos metafisika, klankgenesing en ThetaHealing® te bemeester. Dit het gelei tot die skepping van *EMIT Change* (*Educational, Motivational, Inspirational and Transformational Change*). Saam met Kevin het sy *EMIT Change* gestig - 'n toevlugsoord waar sy ander na sielsvervulling begelei.

***Buiteblad van Nianell se boek.***




Nou is Nianell gereed om haar mees transformerende werk nóg bekend te stel: die onderrigmemoires, *A Song That's Yet Unsung - When Nothing is Known, Anything is Possible*. Dit is nie sommer net 'n boek nie; dit is 'n diepgaande, multisensoriese reis wat bedoel is om gevoel te word - nie net gelees nie. Wat die boek besonders maak, is die baanbrekende integrasie van musiek in die leeservaring. Dit verweef leringe, verhale en 30 van Nianell se oorspronklike liedjies - elk 'n weerspieëling van haar gedagtes en emosies op deurslaggewende oomblikke in haar lewe.

Nianell se boekbekendstelling by Blue Goose Restaurant op Saterdag, 2 Mei 2026, mag nie misgeloop word nie. Vir besprekings of kaartjies skakel 071 863 1514 of stuur 'n e-pos na foh@blougans.co.za of eat@blougans.co.za.

**Hardus Botha**






# Western Cape Fire Season shows unprecedented early activity





The 2025-2026 summer fire season began with exceptional intensity for CapeNature. Official statistics show a sharp rise in fire ignitions, high temperatures, and a vast expanse of burnt areas across the Western Cape. Historically, the fire season runs from 1 October to 31 March.

However, fire activity began as early as September 2025, well before the traditional high-risk period from November onwards. Between September and the end of November, CapeNature crews responded to 43 fires. Of these, 31 occurred in October and November - significantly above historical averages. Over the past 25 years, CapeNature has recorded an average of approximately nine fires during those two months. The 31 fires recorded this season are unprecedented in the entity's records.

Western Cape Provincial Minister of Local Government, Environmental Affairs and Development Planning, Anton Bredell, said: “The Western Cape has experienced a very challenging fire season this year. Across the province, hot, dry and very windy conditions made the work of our firefighting men and women extremely difficult.” Wind was a primary factor in turning small, manageable fires into large, multi-day events that challenged firefighting crews. Despite the scale of the season, several success stories emerged, largely due to meticulous advance planning and strong collaboration between partners and communities.

Firebreaks around staff housing, offices, stores and tourism cottages created safe anchor points, allowing firefighting operations to proceed without loss of life or infrastructure on CapeNature-managed land. While natural causes such as lightning, rockfalls and animal activity account for a small fraction of wildfires, most ignitions this season have been human-induced. CapeNature continues to call on the public to exercise caution, particularly as dry weather conditions are forecast to continue into the winter months.

According to the South African Weather Service, above-normal temperatures and below-normal rainfall are predicted for the March-to-May period, extending the risk well beyond the official end of the fire season. Partnerships have been indispensable in managing the crisis. Collaboration among volunteer organisations, neighbouring landowners, Fire Protection Associations, professional firefighting units and municipal fire services has been instrumental in coordinating effective response efforts.
*(Article shortened: Hardus Botha)*

**Petro van Rhyn**
**CapeNature General Manager: Advocacy**

## OVERSTRAND MUNICIPALITY

### NOTICE

### PUBLIC NOTICE CALLING FOR INSPECTION OF 1st SUPPLEMENTARY VALUATION ROLL 2025/2026 AND LODGING OF OBJECTIONS

Notice is hereby given in terms of Section 49(1)(a)(i) read together with section 78(2) of the Local Government: Municipal Property Rates Act, 2004 (Act No. 6 of 2004), hereinafter referred to as the “Act”, that the 1st supplementary valuation roll for the financial year 2025/2026, is open for public inspection at the Municipal Head Office and its satellite offices, or on the website: www.overstrand.gov.za from 23 April 2026 to 31 May 2026.

An invitation is hereby made in terms of section 49(1)(a)(ii) read together with section 78(2) of the Act that any owner of property or other person who so desires should lodge an objection with the Municipal Manager in respect of any matter reflected in, or omitted from, the supplementary valuation roll within the **above-mentioned period**.

Attention is specifically drawn to the fact that in terms of section 50(2) of the Act an objection must be in relation to a specific individual property and not against the supplementary valuation roll as such. The form for the lodging of an objection is obtainable from the Municipal offices at the following addresses:

Hangklip/Kleinmond: 33 Main Road, Kleinmond, 028 271 8400.
Hermanus: 1 Magnolia Street, Hermanus, 028 313 8000
Stanford: 15 Queen Victoria Street, Stanford, 028 341 8500
Gansbaai: Main Road, Gansbaai 028 384 8300

or on the municipal website: www.overstrand.gov.za The completed forms must be returned to the municipal offices or the Municipal Manager, PO Box 20, Hermanus, 7200 or via email to enquiries@overstrand.gov.za on or before **31 May 2026**.

For enquiries please contact Johette Basson at telephone number 028 313 8000 or send an e-mail to enquiries@ overstrand.gov.za.

**23 April 2026**

## OVERSTRAND-MUNISIPALITEIT

### KENNISGEWING

### KENNISGEWING VAN UITNODIGING VIR INSPEKSIE VAN DIE 1STE AANVULLENDE WAARDASIELYS 2025/2026 EN INDIEN VAN BESWARE

Kennis geskied hiermee ingevolge die bepalings van Artikel 49(1)(a)(i) saam gelees met Artikel 78(2) van die Plaaslike Regering: Munisipale Eiendomsbelastingswet, 2004 (Wet No. 6 van 2004), hierna verwys as die “Wet”, dat die 1ste aanvullende waardasielys vir die 2025/2026 finansiële jaar, beskikbaar is vir publieke inspeksie by die Munisipale Hoofkantoor en sy administrasiekantore asook op die amptelike webtuiste: www. overstrand.gov.za, vanaf 23 April 2026 to 31 Mei 2026.

'n Uitnodiging word hiermee gerig in terme van Artikel 49 (1)(a)(ii), saam gelees met Artikel 78(2) van die Wet dat die eienaar van eiendom, of enige ander persoon wat dit verlang, 'n beswaar kan indien by die Munisipale Bestuurder rakende enige aangeleentheid wat vervat word in, of weggelaat is uit die aanvullende waardasielys, binne die **bogenoemde tydperk**.

Aandag word daarop gevestig dat in terme van Artikel 50(2) van die Wet, 'n beswaar betrekking tot 'n spesifieke eiendom moet hê, en nie op die totale aanvullende waardasielys as sodanig nie. Die vorm vir die aantekening van 'n beswaar is beskikbaar by die volgende Munisipale kantore:

Hangklip/Kleinmond: Hoofstraat 33, Kleinmond, 028 271 8400
Hermanus: Magnoliastraat 1, Hermanus, 028 313 8000
Stanford: Queen Victoriastraat 15, Stanford, 028 341 8500
Gansbaai: Hoofstraat, Gansbaai, 028 384 8300

asook op die amptelike webtuiste: www.overstrand.gov.za Voltooide vorms moet op of voor **31 Mei 2026** terug besorg word aan die munisipale kantore of die Munisipale Bestuurder, Posbus 20, Hermanus, 7200 of per epos aan: enquiries@ overstrand.gov.za

Rig u navrae asb aan Johette Basson by telefoonnommer 028 313 9000 of stuur 'n e-pos aan enquiries@overstrand.gov.za.

**23 April 2026**

## UMASIPALA WASE-OVERSTRAND

### ISAZISO

### ISAZISO ESIYA KULUNTU SOKUHLOLWA KOXWEBHU OLONGEZELELEKILEYO LOKUHLOLWA KWEXABISO LOMHLABA NOKUFAKWA KWEZIMVO EZICHASENE NAKO

Apha senza isaziso ngokweCandelo 49(1)(a)(i) elinokufundwa lidibene necandelo 78(2) likaRhulumente wezeKhaya: uMthetho WeeRhafu ZoMhlaba kaMasipala, wowama-2004 (uMthetho wesi-6 wowama-2004), ekuza kubhekiselwa kuwo apha nakamva ngokuthi "lo Mthetho", eyesibini sokuba uxwebhu olongezelelekileyo lokuhlolwa kwexabiso lomhlaba lonyaka- mali wama-2025/2026, luvulelekile kuluntu ukuba luluhlole kwi-Ofisi eliKomkhulu likaMasipala nakwii-ofisi ezingaphantsi kwalo kwanakwimizi yogcino-zincwadi, okanye kweli jelo: www.overstrand.gov.za ukususela kumhla 23 April 2026 ukuya kutsho kumhla 31 May 2026.

Kananjalo sikwenza nesimemo ngokwecandelo 49(1)(a)(ii) elinokufundwa lidibene necandelo 78(2) lalo Mthetho sokuba nawuphi na umnini mhlaba okanye omnye umntu onqwenela ukwenjenjalo ufanele afake izimvo zakhe ezichasene noku kuMphathi kaMasipala ngawo nawuphi na umba olapha, okanye ositheleyo, kuxwebhu olongezelelekileyo lokuhlolwa kwexabiso lomhlaba ngeli xesha lichazwe ngasentl' apha.

Sifuna ukutsalela ingqalelo yenu ngokukhethekileyo kwicandelo 50(2) lalo Mthetho elithi izimvo ezingaphesheya kule nto zifanele zityumbe loo mhlaba zingabi zezichasene nje noxwebhu lokuhlolwa kwexabiso lomhlaba. Iimpepha zokukhalaza ezigqityiweyo mazibuyiselwe kungekafiki usuku lwe **31 May 2026**, kwii-ofisi ezikhankanywe ngezantsi okanye kwi-ofisi kaMphathi kaMasipala, PO Box 20, Hermanus, 7200, email: enquiries@overstrand.gov.za. Ifomu yokufaka izimvo zakho ezichasene noku ungayifumana kwii-ofisi zikaMasipala kwezi dilesi zilandelayo:

Hangklip/Kleinmond: 33 Main Road, Kleinmond, 028 271 8400
Hermanus: 1 Magnolia Street, Hermanus, 028 313 8000
Stanford: 15 Queen Victoria Street, Stanford, 028 341 8500
Gansbaai: Main Road, Gansbaai, 028 384 8300

okanye kweli jelo likaMasipala: www.overstrand.gov.za. Xa ufuna ukubuza nxibelelana noJohette Basson kwinombolo yefoni u- 028 313 8000 okanye nge-imeyile enquiries@overstrand.gov.za.

**23 April 2026**

Dr DGI O'Neill
**Municipal Manager / Munisipale Bestuurder / Umphathi Kamasipala**
P.O. Box / Posbus / Ibhokisi yePosi 20 HERMANUS 7200

Notice No /Kennisgewing nr / Inombolo yesaziso: 71/2026

156385

Office National

Contact us to order your Personalised Rubber Stamps. We offer an on-site service



028 313 0003
22 Arum Street, Industrial Area, Hermanus 7200
hermanus@officenational.co.za
www.hermanusofficenational.co.za

# 300ste uitgawe van die Gans-Berg Nuus

Tyd staan gewis nie stil nie, ook nie by die gewilde, weeklikse gemeenskapskoerant, die Gans-Berg Nuus nie - verlede week se uitgawe van 24 April 2026 was die 300ste uitgawe sedert die koerant begin het - 'n merkwaardige prestasie!

Die Gans-Berg Nuus se eerste uitgawe het op 3 Julie 2020 op die winkelrakke verskyn - met 3 Julie 2026 waar ons 5de bestaansjaar gevier is. Die stigting van die koerant gedurende die Covid-pandemie was 'n bewys van onverskrokke waagmoed en deursettingsvermoë van die eienaar en redakteur, Michelle van Zyl, en haar span, wat steeds in 'n groeiproses van krag tot krag is - met die getroue samewerking en ondersteuning van adverteerders en lesers.




“Ek is trots op my span met hierdie mylpaal wat ons bereik het,” het Michelle gesê. “Met die drukmedia is dit nie altyd maklik nie en dit bied bepaalde uitdagings, en die bedryf van 'n koerant is beslis nie altyd so maklik as wat mense dink nie.” Die Gans-Berg Nuus sorg vir nuus wat met respek, vriendelikheid, empatie en integriteit gepaard gaan, maar veral gefokus bly op feitlike en korrekte inligting wat deur middel van persoonlike onderhoude bekom word, en wat elke week op die rakke van ons plaaslike besighede geplaas word om vir adverteerders en lesers beskikbaar te wees - nogmaals dankie vir julle getroue ondersteuning.

Die Gans-Berg Nuus se verspreidingsarea sluit Groter Gansbaai, Stanford, Hermanus, Pearly Beach, Baardskeerdersbos en Bredasdorp in en word stiptelik weekliks versprei.

**Hardus Botha**

# 'Ek gaan nêrens heen nie,' - dr Christo Barnard

“Wie sê ek wil aftree?” het die bekende dr Christo Barnard van Dr HC Barnard Inc. aan die *Gans-Berg Nuus* gesê. “Daar loop stories in die dorp rond dat ek my praktyk gesluit het of gaan sluit.” Christo is raadop oor hierdie beweringe, aangesien hy geen sodanige planne het nie - hy gaan volstoom voort met sy praktyk, soos wat hy reeds die afgelope 46 jaar gedoen het. Christo is met Elmarie getroud, wat ook in sy praktyk behulpsaam is. Hy tree nie meer as Distriksgeneesheer op soos voorheen nie. Christo doen ook akupunktuur en is SAMSA-geakkrediteer. “Ek wil nog 'n paar jaar in hierdie pragtige dorpie met sy wonderlike mense praktiseer,” het hy gesê.



Christo, wat nie geskroom het om skreeusnaakse, humoristiese rolle in die destydse melodrama-reekse te vertolk nie, is steeds vol humor en sit nog stewig agter sy lessenaar, waar hy met die nodige sorg na sy pasiënte omsien. Nee wat, hoe die storie van Christo se aftrede ook al ontstaan het - sy pasiënte kan steeds uitsien na 'n lang verbintenis met hom.

Die spreekkamers is op die hoek van Barnard- en Bergstraat geleë. Besoekure is Maandae tot Vrydae van 08:00 tot 16:00 en Saterdae van 09:00 tot 11:00. Die spreekkamers kan by 028 384 0411 geskakel word.

**Hardus Botha**












# Wat is basaar-hou sonder...?

*Wat is basaar-hou sonder … basaarpoeding? Maar moenie die res vergeet nie - groot koeke, klein koekies, lekkergoed, pannekoek, vleis en die witolifanttafel - neewat, te veel om op te noem! Die NG-gemeente se basaar op Saterdag, 25 April 2026 was, soos altyd, letterlik 'n dag gevul met pret en met meer as genoeg om te doen, te koop, te eet en te drink.*

**Hardus Botha**




FYNBOS
POLE DEPOT
C/O ALL SAINT & ROTHMAN STREET – BREDASDORP
20 MIMOSA STREET – HERMANUS
E-mail: headoffice@fynbospoles.co.za
Website: www.fynbospoles.co.za
PINE POLES - TAPER (CCA H4)
DROPPERS & LATHS (CCA H3)
WOODCHIPS AND SHAVINGS
GARDEN EDGING
FIREWOOD
Office: 028 384 1587 / Cell: 082 895 5949

# Tannie Nellie van Dyk ná 10½ dekades oorlede

Herberg-aan-See (HaS) se dierbare en pittige Tannie Nellie van Dyk (née Lötter) is op Saterdag, 25 April 2026 oorlede - ná 'n geseënde lewe van 10½ dekades. Onlangs is haar 105de verjaarsdag op 28 Februarie 2026 gevier, wat ook deur die Gans-Berg Nuus bygewoon is. "Ek is 'n dankbare mens, nog my hele lewe lank," het sy toe gesê. Sy was behoorlik bederf: 'n spesiale 105-jaar-koek, gebak deur 'n Graad 1-ouer, Mel Booysen; 'n besoek deur leerders van Laerskool Gansbaai; 'n besoek deur Raadsdame Riana de Coning; HaS se personeel wat haar op die hande gedra het .




**Tannie Nellie van Dyk op haar 105de verjaarsdag op 28 Februarie vanjaar.**

Tannie Nellie is op 28 Februarie 1921 op die plaas Vredenburg gebore, waar sy ook grootgeword het. Ná haar troue met wyle Oom Danie het hulle na die plaas Hartebeeskloof (die Van Dyks se familieplaas) verhuis, sowat 12 'myl' buite Stanford op die Papiesvlei-pad, waar hulle geboer het. Drie kinders - Jannie, Petronella (oorlede) en Glaudina - is uit die huwelik gebore. Sy laat sewe kleinkinders en 13 agterkleinkinders agter.

In haar jonger jare was sy knap met die ontwerp en maak van trourokke, asook ander naaldwerk. Tannie Nellie se hande het ook nie verkeerd gestaan vir skilderkuns, blommerangskikkings en vele ander kunswerke nie. Op 105 het sy steeds oor 'n flink brein beskik, gelaai met humor, en sy het graag boeke gelees en gehekel - "maar net wanneer ek daarna voel!"

Tannie Nellie was sedert 24 Oktober 2014 'n inwoner van HaS, waar die personeellede haar deurgaans op die hande gedra het. Die redaksie van die Gans-Berg Nuus dra graag hul meegevoel oor aan die familie en wens hulle sterkte toe in hierdie tyd van verlies.

*(Argieffoto's: Gans-Berg Nuus)*

**Hardus Botha**






# MadWay Rally se wilde voertuie steel die kollig in Hoofstraat



Wat 'n konsternasie van brullende enjins, kleurvolle tydrenmotors en vaardige bestuurders was dit nie verlede week in Hoofstraat nie! Inwoners kon hul oë skaars glo - só iets is nog nooit hier gesien nie. Dit was die voertuie van die MadWay Rally - indien 'n mens dit enigsins as “voertuie” kan klassifiseer!

Deelnemers aan hierdie tydren kies doelbewus roetes met uitdagende padtoestande, en met hul besoek aan Gansbaai was hulle met hul egte *Mad Max* voertuie (uit die *Mad Max* film reeks), ingevoer en op pad na die African Burn in Tankwa.

MadWay Rally is 'n adrenalienbelaaide avontuur waartydens bestuurders hul motors deur post-apokaliptiese tonele jaag. Tog gaan hierdie tydren oor meer as net spoed en waagmoed - dit dra ook 'n boodskap van wêreldvrede. “Deesdae is daar te veel gewapende konflikte in die wêreld,” het een deelnemer gesê. “As dit nie opgelos word nie, kan die mensdom 'n toekoms sonder hoop in die gesig staar.” Hy het verder bygevoeg dat die idee van 'n post-apokaliptiese wêreld dalk meer realisties is as wat mense dink - en daarom doen die MadWay Rally 'n beroep op vrede en samewerking.

Die konsep van die tydren het sy oorsprong in Rusland, waar dit as een van die waansinnigste - en terselfdertyd gevaarlikste - tydrenne beskou word: selfgeboude voertuie wat teen temperature van tot minus 20 °C oor die bevrore Baikalmeer in Siberië jaag.

Deelnemers aan die MadWay Rally het reeds duisende kilometers deur onder meer Mongolië, die Altai-streek en Kirgisië afgelê - in aangepaste voertuie wat ontwerp is vir uiterste toestande en maksimum werkverrigting. Die tydren vind dikwels in die mees afgeleë uithoeke van die planeet plaas, waarvan sommige plekke feitlik ontoeganklik is vir gewone vervoermiddels.















# Klink 'n glasie op Sauvignon Blanc



*International Sauvignon Blanc Day 2026* word op Vrydag, 1 Mei 2026, gevier - 'n wêreldwye heildronk op hierdie gewilde witwynvariëteit. Vieringe beklemtoon dikwels die streekdiversiteit van die kultivar, veral in Nieu-Seeland en Suid-Afrika, met geleenthede wat fokus op die proe van uiteenlopende, lewendige style.

Sauvignon Blanc, vervaardig in 'n besonder vars en vruggedrewe styl, is 'n viering van helder, tropiese geure. Die neus is uitnodigend, met aromas van kraakvars kiwi, lewendige appelliefie en subtiele note van ryp koejawel. Op die verhemelte word hierdie tropiese eienskappe perfek gebalanseer deur 'n skoon, verfrissende suur. Dit is 'n intens gestruktureerde wyn met uitstekende balans en kompleksiteit, wat lei tot 'n lang, aanhoudende en verkwikkende nasmaak. Dit is ideaal om nou te geniet of oor die volgende drie tot vier jaar.

In Suid-Afrika bevorder Sauvignon Blanc SA gedurende Mei 2026 die “72 Flavours”-veldtog van plaaslike wyne. Hierdie viering is die perfekte verskoning om 'n glas te lig op een van die wêreld se mees lewendige en verfrissende witwyne. Bekend vir sy vars suur en sprankelende note van sitrus, tropiese vrugte en kruie, bly Sauvignon Blanc gewild onder wynliefhebbers wêreldwyd. Of dit saam met seekos, slaaie of bloot in goeie geselskap geniet word - dit is 'n dag om die unieke karakter van hierdie geliefde kultivar te vier.

**Hardus Botha**

# Excellent results for bodybuilders

8 of our Boss fit members (Athletes) achieved outstanding results at the recent NABBA Competition in Cape Town. For some of them, it was their first time on stage - delivering impressive performances.




Chelsea Visser
Novice Bikini - 2nd place



Riana Groenewald
Mrs Bikini Open - 6th place
Mrs Bikini Over 35 - 6th place
Women's Wellness - 1st place



Adri Prinsloo
Novice Bikini - 3rd place



Handia Human
Miss Bikini Novice - 1st place
Ladies Toned Novice - 3rd place
Miss Bikini Open - 5th place
Miss Bikini Over 35 - 5th place
Ladies Toned Open - 6th place
Sports Model - 6th place



Bjorn van der Linden
First Timer Bodybuilding - 2nd place
Men's Physique Open - 3rd place
Men's Class 1 - 3rd place
Men's Novice - 4th place
Men's Physique Junior & Novice - 5th place



Rico Groenewald
First Timer Bodybuilding - 6th place
Junior Bodybuilding - 6th place
Men's Physique Novice - 5th place
Men's Class II - 3rd place



Cristo Groenewald
Men's Novice - 6th place
Masters Bodybuilding Over 40 - 4th place
Men's Physique Over 40 - 1st place



Umer Ahmed
Under 22 Novice Physique - 2nd place

# CLASSIFIEDS

**KLEINMOND SKRYNWERKERS**
Ingeboude Slaapkamer en Kombuiskaste ens.
Ben-Louis Fourie: 083 330 8049
Fax: 086 266 1160
Email: kleinmondskrynwerke@live.co.za

**UNITY SERVICE RECOVERY – ALCOHOLICS ANONYMOUS**
DO YOU FEEL LIKE YOUR DROWNING?
EVERY WEDNESDAY @ 19:00
GANSBAAI FAMILY CHURCH, BUITEKANT STREET
THERE IS HELP...
060 597 5419
078 307 7783

**CNC Sweis & Staal**
* Stainless steel
* Ballustrading
* Diefwering
* Veiligheidshekke
* Skuifhekke
* Traliewerk
* Sleepwaens
* Palisade Heinings

Jannie Cronje cncstaal@omail.co.za
082 371 7283

**VIBRACRETE MURE**
**Gansbaai Precast**
* Vervangings en Verhogings
* 1.8m Nuwe Mure teen R730 per meter
* GRATIS Kwotasies

10 Jaar waarborg op materiaal
(Prys net vir Gansbaai Area)
Ons diens dek die hele Overberg
Johan Cronjé: 028 384 0480 / 082 923 4204

**Maintenance Man**
*Noem dit en ons doen dit!*



Kontak Deon: 076 838 2890

**Te Koop**
'*Off Cuts*' word gebruik vir tuinpaadjies, beddings, onder die wasgoedlyn en paadjie na jou heining om met buurman te gesels. **028 384 0480**



**Replace WOODEN/STEEL Frames with ALUMINIUM**
Anglo Windows
new for old
we open windows for you
*Average home completed in one day*
Hilton Hitge
084 558 1902
*info@anglowindows.co.za*
WINDOWS, FOLDING DOORS, STOEP ENCLOSURES, SLIDING DOORS, ECT

**Wall Seal**
Reg No: 2022/809475/07
WE GET IT DONE
- Waterproofing walls & roofs
- Roof Cleaning
- Painting
- Sealing roofs with Liquid Rubber Sealant
- Painting of houses Internal & External

Call Mike on 063 708 4283

**GANSBAAI PROPERTIES**
028 384 1197
082 378 9955
www.gansbaaiproperty.co.za
*We hold the key to your property*



**Contact us to advertise:**
Michelle: 078 010 8286 michelle@gansberg.co.za
Janine: 072 931 1431 janine@gansberg.co.za

Gans-Berg Nuus/News
Weeklikse Gemeenskapskoerant

Website Link

TikTok

GANSBERGNEWS

**VAKATURE**
Ek soek werk vir my bediende.
Het elke 2de week 4 dae oop.
- Middeljarige & Gesond
- Hardwerkende bruin vrou
- Betroubaar, Eerlik, Goeie werksetiket
- Altyd betyds vir werk
- Goed met kinders en senior persone

MARLENE
084 714 4604



## Emergency Numbers:

| | |
|---|---|
| Gansbaai Municipality: | 028 384 8300 |
| Overstrand Municipality: | 24hour control room 028 313 8111 / 028 313 8000 / 028 313 8013 |
| Law Enforcement: | 028 313 8996 / 028 313 8111 |
| Disaster Risk Management: | 028 313 8980 / 028 312 2400 / 028 313 8122 |
| Fire Department: | 028 313 8980 / 028 312 2400 |
| Marine & Coastal Management: | 028 313 2703 |
| Ambulans Service Toll free number: | 10177 |
| 1LifeRescue: | Mark Robson - 082 414 9335<br>0861 13 13 11 |
| CMC Critical Medical Care Ambulans: | 028 001 0544 |
| Gansbaai Police Station: | 028 384 0201 / 10111 |
| OMR Community Medix | 078 699 6995 |



## Your Neighbourhood Watch is here for you

De Kelders NHW: Mark Robson - 082 414 9335
Franskraal NHW: Lizzy - 081 419 0180
Franskraal Afriforum NHW: Robbie Nelson - 083 455 0946
Gansbaai NHW: Hugh-Daniel Grobler - 072 352 7776
Kleinbaai NHW: Maryna Basson - 073 439 1979
Pearly Beach NHW: Christa Binedell - 072 731 8972
Pearly Beach Resort NHW: Maggie Coetzee - 083 245 1207
Perlemoenbaai NHW: Stuart Hayman - 072 749 1510
BaardskeerdersBos Plaaswag: Flippie Groenewald - 072 413 9718
Masakhane NHW: Mziwenkosi (Magic) Ngewu - 071 355 3555
Blompark/Beverly Hills: Pastor Ivan Cornelius - 076 504 6744 / 082 472 0877

NEIGHBOURHOOD WATCH

# Brain Teasers

| | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| R | C | L | U | E | L | E | S | S | D | D | H | E | T | T | W | P |
| E | R | E | M | U | A | D | T | O | Q | A | X | C | S | H | P | B |
| K | R | A | V | A | F | N | O | W | P | M | H | I | T | E | E | U |
| C | L | E | T | S | H | H | I | P | I | C | R | U | I | N | R | L |
| A | N | O | G | A | T | R | Y | R | T | N | H | J | R | A | E | W |
| L | K | T | C | N | T | G | U | E | B | M | S | E | C | K | H | O |
| S | G | X | E | A | I | O | L | D | X | A | J | L | R | E | T | R |
| P | Q | R | B | L | L | F | U | C | L | T | S | T | A | D | G | T |
| S | A | A | M | P | U | H | W | I | M | L | R | E | Z | G | N | H |
| P | B | O | R | D | S | D | E | O | L | E | U | E | Y | U | I | S |
| E | R | U | O | H | H | S | U | R | B | L | V | B | H | N | E | C |
| E | I | G | R | Z | B | O | B | R | O | B | E | R | T | S | B | H |
| F | H | E | G | H | O | S | T | B | U | S | T | E | R | S | T | G |
| O | K | I | N | V | F | P | M | U | G | T | S | E | R | R | O | F |

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | | 8 | | | 3 | | | 4 |
| 9 | 2 | | 1 | | | | 6 | |
| | | 3 | | | | | | |
| | 7 | | | | 8 | | | |
| 8 | | 9 | | | | 1 | | 6 |
| 3 | | 4 | 9 | | | | | 8 |
| 2 | | | 3 | | 7 | | | 9 |
| | | | 5 | | | | | |
| | | | | | 4 | | | 1 |

- BABE
- BEETLEJUICE
- BEING THERE
- BOB ROBERTS
- BOWFINGER
- BULL DURHAM
- BULWORTH
- CLUELESS
- FLETCH
- FORREST GUMP
- GHOSTBUSTERS
- HAPPY GILMORE
- LOCAL HERO
- OH GOD
- PARENTHOOD
- RATATOUILLE
- RUSH HOUR
- SABRINA
- SHREK
- SLACKER
- STIR CRAZY
- THE NAKED GUN
- TWINS




# ANSWERS

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 2 | 6 | 7 | 1 | 4 | 8 | 3 | 5 | 9 |
| 1 | 4 | 3 | 7 | 9 | 5 | 8 | 6 | 2 |
| 5 | 8 | 9 | 2 | 3 | 6 | 1 | 7 | 4 |
| 9 | 1 | 4 | 3 | 2 | 7 | 6 | 8 | 5 |
| 3 | 7 | 8 | 5 | 6 | 4 | 9 | 2 | 1 |
| 6 | 2 | 5 | 8 | 1 | 9 | 4 | 3 | 7 |
| 4 | 3 | 1 | 6 | 7 | 2 | 5 | 9 | 8 |
| 7 | 5 | 6 | 9 | 8 | 1 | 2 | 4 | 3 |
| 8 | 9 | 2 | 4 | 5 | 3 | 7 | 1 | 6 |

| | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| U | K | E | R | O | M | L | I | G | Y | P | P | A | H | A | J | S |
| K | C | B | Z | H | A | R | V | E | Y | M | M | O | L | S | Q | V |
| J | U | B | D | O | E | Q | E | G | A | I | E | L | R | Y | U | M |
| X | R | A | H | T | M | D | I | N | D | T | O | E | Z | A | I | T |
| T | T | N | I | W | H | B | H | N | I | F | H | L | S | D | C | R |
| H | S | A | T | E | C | A | I | U | M | T | G | K | U | G | K | A |
| E | N | N | C | Y | T | G | S | E | O | A | R | X | W | O | C | M |
| R | O | A | H | T | H | A | Q | R | L | E | S | Q | Q | H | H | S |
| U | O | S | A | T | Z | D | B | D | L | A | I | H | B | D | A | T |
| T | M | N | R | A | B | S | L | C | R | V | N | S | N | N | N | E |
| L | B | U | L | S | E | P | I | R | T | S | A | D | T | U | G | G |
| E | N | P | P | U | C | A | T | B | A | L | L | O | U | O | E | P |
| S | C | X | L | S | M | A | D | A | H | C | T | A | P | R | O | M |
| V | T | B | A | N | I | M | A | L | H | O | U | S | E | G | U | T |

# 'Stay Alive & Free' bring lewenslesse na jeug



*Deon Naude en Kapt Davids (SAPD).*

'n Insiggewende, leersame en broodnodige aanbieding vir kinders is op Saterdag, 18 April 2026, in Gansbaai Primêr se skoolsaal aangebied. Die byeenkoms is professioneel deur Gansbaai SAPD, die Gemeenskaps-polisiëringsforum (GPF), Geestelike Misdaadvoorkoming (SCP) en verskeie ander rolspelers aangebied - onder leiding van Marieta Rademeyer as die knap projekkoördineerder.

Bekwame gassprekers is genader om oor bepaalde aspekte en tienerprobleme met die kinders te praat. Verskeie relevante onderwerpe is aangebied: *Boeliegedrag (kapt. B. Davids - SAPD); *Positiewe gedrag teenoor negatiewe gedrag (Deon Naude); *'n Breinpouse deur Edna van der Linde (bibliotekaris) en 'n optrede deur die Thandazwa Jayiya-dansgroep; *Stay Alive & Free (Seniors - David November en Juniors - Monica November); *Transformeer om te presteer (Sammy Brett).

'n Pragtige, gekleurde sak met 'n verskeidenheid relevante inligtingstukke, asook penne en dies meer, is aan die kinders oorhandig. Illustrasies, vraelyste en diagramme wat tydens die byeenkoms voltooi moes word, is beskikbaar gestel. Die inligtingstukke het onder andere oor die misbruik van dwelms, veral tik, asook die tragiese gevolge daarvan gehandel, insluitend HIV. Praktiese wenke om selfvertroue te bou is ook gedeel, met genoeg inhoud om die groep deurentyd besig te hou. Ter afsluiting het die GPF-voorsitter, Riaan Booysen, gepraat oor 'n stap vorentoe met 'n hernude, bewuste ingesteldheid.

Veelseggende slagspreuke deur suksesvolle mense in die geskiedenis, is met die kinders gedeel:
*Steve Jobs - "Your time is limited, so don't waste it being someone else."
*Maya Angelou - "We may encounter many challenges, but we must not be defeated by them." *Franklin D. Roosevelt - "The only limit to your future success is your own self-doubt." *Walt Disney - "If you can dream it, you can achieve it."
Die kinders is met die volgende waardevolle wenke, as nuwe reëls vir die lewe, huis toe gestuur:
*Respek kom van binne - om te verstaan dat respek nie 'n kommoditeit is wat iemand anders vir jou kan gee nie; *Selfrespek is die sterkste beskermingsversperring en moet ontwikkel en beoefen word;
*Verandering begin by die individu - niemand anders is verantwoordelik om 'n ander te verander nie;
*Selfgemotiveerde veranderinge is die enigste wat werklik blywend is; *Ons moet leer om onsself aanspreeklik te hou en 'n interne kontrole-stelsel te ontwikkel om ander se invloed te balanseer; *Daar is niks meer waardevol as 'n individu se lewe nie - respek vir ander beteken om hul reg op lewe en vryheid te waardeer; *Ons moet verstaan dat ons nie troos in wraak kan vind nie - eerder moet ons selfrespek behou en ander toelaat om by ons te leer; *'n Ware vriend sal jou nooit na gevaar lei nie - waardeer die mense wat jou welstand op die hart dra; *Bou en koester verhoudings wat respekvol, eerlik en veilig is.

**Hardus Botha**








## OVERSTRAND MUNICIPALITY

### ERRATUM

**ERF 480, 34 INGANG STREET AND ERF 481, 40 INGANG STREET, DE KELDERS, OVERSTRAND MUNICIPAL AREA: APPLICATION FOR REMOVAL OF RESTRICTIVE TITLE DEED CONDITIONS, SUBDIVISION AND CONSOLIDATION: WRAP PROJECT OFFICE ON BEHALF OF BJ HAASE AND EW MEESTERS**

Notice is hereby given in terms of Section 47 of the Overstrand Municipality Amendment By-Law on Municipal Land Use Planning, 2020 (By-Law) that Municipal Notice 65/202, dated 02 and 03 April 2026 is hereby amended to reflect the correct property details as detailed below:

Erf 480, 34 Ingang Street and Erf 481, 40 Ingang Street, De Kelders

The closing date for comment is **Friday, 08 May 2026**.

## OVERSTRAND-MUNISIPALITEIT

### ERRATUM

**ERF 480, INGANGSTRAAT 34 EN ERF 481, INGANGSTRAAT 40, DE KELDERS, OVERSTRAND MUNISIPALE AREA: AANSOEK OM OPHEFFING VAN BEPERKENDE TITELAKTE VOORWAARDES, ONDERVERDELING EN KONSOLIDASIE: WRAP PROJECT OFFICE NAMENS BJ HAASE EN EW MEESTERS**

Kennis geskied hiermee ingevolge Artikel 47 van die Overstrand Munisipaliteit Wysigingsverordening op Munisipale Grondgebruikbeplanning, 2020 (Verordening) dat Munisipale Kennisgewing Nr. 65/2026, gedateer 02 en 03 April 2026 hiermee gewysig word ten einde die korrekte eiendoms-beskrywing te reflekteer, soos hieronder uiteengesit:

Erf 480, Ingangstraat 34 en Erf 481, Ingangsstraat 40, De Kelders

Die sluitingsdatum vir kommentaar is **Vrydag, 08 Mei 2026**.

Dr DGI O'Neill
**Municipal Manager / Munisipale Bestuurder / Umphathi Kamasipala**
P.O. Box / Posbus / Ibhokisi yePosi 20 HERMANUS 7200

Notice No / Kennisgewing nr / Inombolo yesaziso: 89/2026

156667

# Wintersportdag vir LSG


Daniël de Villiers in aksie.

"Vroeg Saterdagoggend, 18 April 2026, het die bussies vanuit 'n nat en koue Gansbaai vertrek, op pad na Rûens Kollege vir 'n genotvolle wintersportdag," het Laerskool Gansbaai (LSG) se mediabeampte laat weet. "Nie net was dit die eerste wedstryde van die seisoen nie, maar ook 'n groot mylpaal vir ons o/7's wat hul heel eerste wedstryde gespeel het."

Die 'eerstelinge' se opgewonde gesiggies, dapper pogings en groot gees het die dag regtig spesiaal gemaak. Dit was 'n wonderlike gesig om die entoesiasme en sportgees op die netbalbane en rugbyvelde te sien. Die bestuur van Rûens Kollege word spesiaal vir hul gasvryheid en die heerlike sportdag bedank - daar word uitgesien na 'n opwindende seisoen wat voorlê.







**TSA Eden Tecnifibre-tennistoernooi**

Daniël de Villiers het onlangs aan die TSA Eden Tecnifibre-tennistoernooi in George deelgeneem en sy beste prestasie nóg behaal - hy het vyfde in die seuns o/12-afdeling geëindig. Daniël en sy spanmaat van Laerskool Hermanus het ook die semifinaal in die dubbelafdeling gehaal - baie geluk, Daniël!

**Hardus Botha**

## Weather Forecast / Weer Voorspelling

| Wednesday 29/4/2026 | Thursday 30/4/2026 | Friday 01/5/2026 | Saturday 02/5/2026 | Sunday 03/5/2026 | Monday 04/5/2026 |
|---|---|---|---|---|---|
| 18° | 17° | 18° | 19° | 22° | 17° |
| Fresh Breeze 6 m/s from south-east 0 mm precipitation. | Moderate Breeze 7 m/s from south 0 mm precipitation. | Fresh Breeze 10 m/s from north-west 0.4 mm precipitation. | Fresh Breeze 8 m/s from north-west 0 mm precipitation. | Fresh Breeze 10 m/s from north-west 1.1 mm precipitation. | Moderate Gale 14 m/s from north-west 11 mm precipitation. |

## Getytafels / Tide Tables

| Dag / Day | High | High | Low | Low |
|---|---|---|---|---|
| 1 May | 0253 | 1516 | 0906 | 2111 |
| 2 May | 0321 | 1545 | 0932 | 2139 |
| 3 May | 0350 | 1615 | 0959 | 2207 |
| 4 May | 0418 | 1646 | 1027 | 2238 |
| 5 May | 0447 | 1718 | 1057 | 2312 |
| 6 May | 0519 | 1755 | 1130 | 2351 |
| 7 May | 0557 | 1840 | 1209 | 0044 |
| 8 May | 0646 | 1940 | 1301 | 0200 |






**Medical 911**

1 Life Rescue
Mark Robson: 082 414 9335

Gansbaai
ARRIE NEL
APTEEKGROEP
028 384 0637

CMC
PRIVATE AMBULANCE
MEDICAL EMERGENCY
028 0010 544
GANSBAAI

# Franskraal Rolbalklub

Die aktiewe Franskraal Rolbalklub het op Saterdag, 24 April 2026 'n gesellige, maar kompeterende geborgde rolbaldag aangebied. Die dag is moontlik gemaak deur Colour Box / Dulux SPC van Salmon Herselman in Gansbaai. "Dit was 'n dag gevul met goeie rolbal en uitstekende sportmansgees, op en van die bane af," het Marthie Booysen aan die *Gans-Berg Nuus* gesê. (*Foto's: Marthie Booysen*)

**Hardus Botha**




*1ste plek: David Roos en sy span.*




*2de plek: Ettiene Theron en sy span.*




*3de plek: Jaco Swart en sy span.*




*4 de plek: Charl Conradie en sy span.*

# Hanro Coetzer se skaakroete

Hanro Coetzer van Laerskool Gansbaai (LSG) spoed voort op sy suksesvolle skaakroete. Hy het onlangs aan die Hermanus Rapid-skaaktoernooi deelgeneem en homself weereens uitstekend van sy taak gekwyt. In die o/14-afdeling het hy met 'n telling van 6,5 uit 7 gewen - knap gedaan en baie geluk, Hanro!



*Hanro Coetzer.*

**Landloopliga 1**

LSG se landloopatlete het pragtig onder die top ses plekke tydens die byeenkoms in Caledon geëindig - baie geluk aan elkeen van julle. Hulle is: Dogters o/9 - Amelie Schrecker (2de), Joné Avenant (3de) en Faye Schrecker (6de); Seuns o/9 - Cody Oliphant (3de); Dogters o/10 - Mieke Groenewald (1ste) en Pippa Pretorius (3de); Seuns o/10 - Ferdinand Tobias (3de); Dogters o/11 - Liëtte Kotzé (6de); Seuns o/11 - Micah Fisher (6de); Dogters o/12 - Lucadin Jansen (4de); Dogters o/13 - Luchay Jansen (5de) en Lisa Beets (6de).

**Hardus Botha**



*LSG se knap landloopatlete.*

# Gansbaai Gholfklub Baklei Liga klop Montagu

Die Baklei Liga van Gansbaai Gholfklub het in Bonnievale teen Montagu, onder leiding van Bertie Laubscher as kaptein, gespeel en 2/1 gewen - baie geluk aan die Baklei Liga Span.

**Woensdag, 15 April:**
Cobus Dippenaar wen die Enkel Stableford Sloegters kompetisie met 42 punte, gevolg deur Cecil Galloway 39, Berty Sassman 35, Joe Cesare 35, Marietjie de Villiers 34, Hugo Groenewald 32, Dirk van Dyk 31, Rene Myburgh 31, Adriaan Kloppers 30 en JP Laubscher 30.
Spog Twee's: Mike Germishuys (2) en JP Laubscher (11).

**Donderdag, 16 April:**
Overberg SAGES het op Gansbaai teen Langeberg SAGES gespeel. Overberg wen met 38.1 teenoor Langeberg se 36.5. Die wenners was: Christo Spanellis / Peet Pretorius 46. 54 spelers het deelgeneem - Gansbaai 15, Bredasdorp 8, Caledon 3, Hermanus 1, Kleinmond 11 en Langeberg 16.

**Vrydag**, 17de en Saterdag, 18de was daar geen gholf as gevolg van die weer.

**Saterdag, 18 April:**
Die Baklei Liga het in Bonnievale teen Montagu gespeel en wen 2/1 - baie geluk aan die Baklei Liga Span. Die span was: Bertie Laubscher (Kaptein), Jacques Louw, Gavin Flint, Stephen Jackson, Hugo Groenewald en Andrew Dalgleish.

**Saterdag, 25 April:**
Kompetisie is 'n Enkel Stableford.

**Groete,**
**Johan Coetzee**
**082 878 0534**



*Christo Spanellis, Peet Pretorius en Kobus Dippenaar.*

# Waarskuwing oor klipgooiery

Motoriste wat op die R43 verby die Stanford-omgewing ry, word opnuut gewaarsku om versigtig te wees. Soos in die verlede, het klagtes van klipgooiery na verbygaande voertuie weer by die Gans-Berg Nuus uitgekom. Dit blyk dat soortgelyke voorvalle tans ook op die N2, in die rigting van Kaapstad, voorkom. Motoriste word dus aangeraai om op die uitkyk te wees vir hierdie roekelose (onverantwoordelike) kinders wat nie 'n benul het van die ernstige gevolge wat hulle dade kan oplewer nie.




**Hardus Botha**

Gans Berg Nuus/News
Distr. Areas: Gansbaai, Kleinbaai, Franskraal, Uilenkraalsmond, Pearly Beach, Bredasdorp, Hermanus, Stanford

Put your advert here
Contact us:
028 205 0100

# Skok oor Paul de Villiers se skielike afsterwe

Paul (Paulus) de Villiers (71) van De Kelders en 'n jarelange voormalige munisipale beampte van Gansbaai Munisipaliteit, se onverwagse afsterwe was 'n groot skok vir diegene wat hom geken het - en dit is bykans almal in Gansbaai. Paul was verlede week in die Weskus, en met sy terugkeer op Dinsdag, 21 April 2026, het hy gesê hy voel nie goed nie. Die volgende dag is hy per ambulans hospitaal toe geneem, en op Donderdag, 23 April 2026, is hy aan erge longinfeksie oorlede. “Dit het alles baie vinnig gebeur,” vertel sy eggenote, Seulene (54). “Hy was swak, maar het nog die oggend vroeg met die dokter gepraat, maar is letterlik minute daarna oorlede.”


Paul de Villiers

Paul is op 15 April 1955 te Klawer in die Wes-Kaap gebore. Hy was die enigste broer van vier susters - die vierde kind. Hy was met Seulene, Hoofklerk: Publieke Skakeling by Gansbaai Munisipaliteit, getroud. Paul was geseën met 'n seun, Donnadue, en twee dogters, Melanie en Natasha - hy was die oupa van drie kleinkinders, Tarryn, Matthew en Dané.

Vir die tydperk 1972 tot 1984 was Paul in diens van die Suid-Afrikaanse Spoorweë, en daarna by die Afdelingsraad tot 1996. Met die destydse verskuiwings tussen die munisipaliteite en afdelingsrade het Paul bedank, en die egpaar het in 1997 na Gansbaai verhuis. Hier het hy in 1998 diens by Gansbaai Munisipaliteit aanvaar, waar Gansbaaiers hom as Superintendent: Parke leer ken het - ná sowat 21 jaar het hy in 2019 afgetree.

Paul het 'n groot liefde vir plante, die see en visvang gehad. Onder andere het hy aan die voorpunt gestaan van die aanplant van baie aalwyne in Groter Gansbaai. Ironies genoeg was hy ook betrokke by die ontwikkeling van die boonste begraafplaas waar hy nou te ruste gelê gaan word. “Ek het Paul destyds met die jaarlikse Fees van die Ganse se Fynbosskou as 'n ware omgee-mens leer ken,” vertel Anita Botha, wat toe in beheer van die Fynbosskou was. “Elke keer wat ek vir Paul geskakel het, het hy gevra wat hy vir my kan doen nog voordat ek my versoek kon rig!”

Kat Myburgh, voormalige Areabestuurder: Gansbaai / Stanford, onder wie Paul van die begin af gewerk het, is deur die gesin gevra om tydens die diens 'n huldeblyk aan Paul te bring. Paul se teraardebestelling vind plaas op Maandag, 4 Mei 2026 om 11:00 by die NG-gemeente Gansbaai. Die redaksiespan van die Gans-Berg Nuus wens Seulene, kinders, kleinkinders en familie sterkte toe met wat voorlê.

**Hardus Botha**

